SLINGERVEL

Oktober 2020

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 62
Nommer 1022, Oktober 2020

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

Lees meer oor die swaeltjie op bl. 11

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 2 Timoteus 3: Blokkiesraaisel
10 Soek die verskille
11 Die swaeltjie
12 Koning Dawid se oorloë – 2
13 Inkleurprent
14 Gemeentes in die Nuwe Testament – 2
16 Oplossing: Blokkiesraaisel 2 Timoteus 3
Oplossing: Soek die verskille
17 Wat kan ek lees?
19 Op hierdie dag in Oktober

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Abraham Krüger
Oom Orrie Oosthuizen
Hamus Bornman
Stefan Kotzé

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R405,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R146,00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 62,
Nommer 1022
Oktober 2020

ISSN 0037 685 X

Die redakteur skryf ...



Hello maats!

Ai – maar hierdie jaar is darem deurmekaar! Jare terug het ek eendag saam met my vroutjie en ons oudste dogter naby Waterval-Boven op ’n plaas gaan woon so vir ’n week. Ons het daardie week nie ’n mens gesien nie! Daar was nie elektrisiteit nie, ook nog nie selfone of televisie nie. Ons het ook vergeet om ’n radio saam te neem. Geen rekenaar, “laptop” of enige iets nie. Daar was ’n gasstoof (ook nie ’n mikrogolf nie – dit werk mos met elektrisiteit!) en kerse. Die ketel is op die gasstoof gekook, en al die kos is daarop gaargemaak.

Amper vergeet ek – dit was Junie. As jy nou nog nooit in daardie pragtige deel van die land in Junie was nie, laat ek jou vertel: dit was koud. Baie koud. Ek het mos gesê: geen elektrisiteit nie – daar was dan ook nie elektriese komberse nie!

Nou wonder ek hoeveel van ons Velliemaats ken ’n donskombers. Ons gebruik mos deesdae duvets – gevul met kunsvesel. ’n Donskombers is ’n dikkerige materiaal wat gevul is met gansvere. Nou weet ek nie hoeveel ganse se vere in so ’n kombers was nie. Dit was ook nie al die vere nie, net die bors- en maagvere. Dit wat die ganse gebruik om die eiers wat hulle uitbroei, warm te hou. Ganse is nie doodgemaak vir die vere nie – dit is gepluk en mooi skoon gewas en dan in die kombers geplaas. Heerlik warm kon ons ou drietjies in die aande onder so ’n kombers inklim.

Nog iets wat ek onthou, is die donker. As die gordyne toe was, kon ’n mens niks sien nie. Heeltemal niks. Maar buite! Ai, die lug was so skoon, geen wolkie, geen stoffie, die sterre het so naby gevoel, ons wou aan dit vat. Dis iets wat ons nooit in die stad ervaar nie!

Dit het my so aan Psalm 8 laat dink! Die Here het elke sterretjie, elke planeet, die maan, alles gemaak om vir ons te vertel hoe almagtig Hy is.

Die donker het my laat dink: die Bybel praat van die donker as teken van dit wat verkeerd is. As dit so donker is, kan mens nie vinnig loop of hardloop nie, veral nie as mens die plek nie ken nie. ’n Mens kan baie seer val of jou seermaak as jy teen iets vasloop. Psalm 119:105: *U woord is ’n lig vir my pad!* Met een kers kon ons op enige plek in hierdie groot huis loop.

Mense sonder die Bybel, sonder God se Woord, is so in die donker. Hulle bly verkeerde dinge doen en kry seer! As jy ’n klasmaat het wat altyd in die moeilikheid is en verkeerde dinge doen – dink bietjie: Weet hy wat reg is? Ken hy die Here? Gesels met hom. Vra hom uit. Wys vir hom die liggie, jou liggie, van reg doen. So gebruik die Here jou – as sy kindjie – om te vertel hoe groot Hy is!

Groete!

2 Timoteus 3

Maats, ons lees verder deur 2 Timoteus! **OPLOSSING OP BLADSY 16**



Dwars

1. Hierin was Paulus vir Timoteus 'n voorbeeld.
5. Die mense in swaar tye sal só wees:
7. Die Skrif het groot waarde om dit reg te stel.
9. Die Skrif het groot waarde om hierdie leefwyse te kweek.
10. Hierdie mense wat Christus toegewyd wil leef, sal vervolg word.
12. Hier is Paulus vervolg en het hy ontbering ervaar.
15. Die mense in swaar tye sal só wees:
17. Die mense in swaar tye sal só wees:
20. Die mense in swaar tye sal só wees:
21. Die Skrif het groot waarde om dit te bestry.
23. Hierin was Paulus vir Timoteus 'n voorbeeld.
25. Mense sal dit liewer hê as vir God.
28. Die mense in swaar tye sal só wees:
30. Hierdie vroue is met sonde belaai.
31. Hy het hom teen Moses verset.
32. Hierin was Paulus vir Timoteus 'n voorbeeld.
34. Die Skrif het groot waarde om jou hierin te onderrig.
35. Hierin was Paulus vir Timoteus 'n voorbeeld.
36. Die mense in swaar tye sal só wees:

Af

2. Die mense in swaar tye sal só wees:
3. Hierin was Paulus vir Timoteus 'n voorbeeld.
4. Die mense in swaar tye sal só wees:
6. Die mense in swaar tye sal só wees:
7. Die mense in swaar tye sal só wees:
8. Hier is Paulus vervolg en het hy ontbering ervaar.
11. Die mense in swaar tye sal só wees:
13. Die mense in swaar tye sal só wees:
14. Die mense in swaar tye sal só wees:
16. Die mense in swaar tye sal só wees:
18. Kennis lei jou hiertoe deur die geloof in Jesus Christus.
19. Die mense in swaar tye sal só wees:
22. Liggelowige vroue wil leer – maar sal dít nie kry nie.
24. Die mense in swaar tye sal só wees:
26. Hy het hom teen Moses verset.
27. Beskrywing van die geloof van mense wat hulle verset teen die waarheid.
29. Weet – sulke tye kom.
33. Hier is Paulus vervolg en het hy ontbering ervaar.

teken in op Slingervel!

Individuele intekening
R405.00 – 10 uitgawes
(posgeld + BTW ingesluit)

Afhaal by Buro
R285 – 10 uitgawes

Elektroniese intekening
R146.00 – 10 uitgawes

Om in te teken:
Kontak Angie Mokobi by tydskrifte@gksa.co.za of tel. 018 297 3986

Hamus Bornman (*Met erkenning aan dr. Werner Gitt: Wenn Tiere reden könnten)*

Die Swaeltjie

Maats,

My naam staan in die Bybel! Lees Psalm 84:4. Ek is ook spesiaal, want die Here het my toegelaat om in sy tempel uit te broei, omdat my pappa en mamma daar ons huisie gebou het.

My pappa het vanoggend ’n baie snaakse ding gedoen toe hy vir my ’n by gebring het om te eet: hy het buite die nessie gebly. Ek moes na hom toe uitgaan. Net toe ek rek om die by te eet, trek Pappa verder terug, en toe ek weer rek, val ek by die nessie uit. Ek het gedog ek val my dood, maar toe sien ek Pappa klap sy vlerke! In die nessie het elkeen hulle bietjie gerek – maar daar was nie eintlik plek nie. Ek probeer toe dieselfde doen – en – ja – dit werk! Skielik gaan ek nie meer ondertoe nie, maar vorentoe! Ek vlieg!

Nou is daar mense wat beweer dat ons voëls miljoene jare gelede uit die reptiele ontwikkel het. Ek wil jou gou ’n paar dinge vertel wat vir jou gaan wys dat dit onmoontlik is!

Reptiele is diere soos akkedisse, slange en krokodille. Nou wil hulle jou vertel dat vere ontwikkel het uit skubbe. Ek verstaan nie! Kyk hoe swaar is hulle en kyk hoe lig is my vere! (Ken jy die spreekwoord: “So lig soos ’n veertjie”?) As jy buite loop, gaan jy êrens ’n veer optel. Doen dit. Kyk mooi na ons voëls se vere. Daar is ’n pen en dan die veertjies wat daaruit loop. Kyk hoe baie is hulle. Kyk hoe hou hulle vas aan mekaar. Voel hoe lig is dit. Dis spesiaal so geskep dat dit lig is sodat ons kan vlieg.

Die tweede ding waarna jy moet oplet, is hoe diere loop. Kyk bietjie mooi na jou hond of kat. Selfs jy swaai jou arms as jy loop. Let mooi op as ’n dier loop: dit werk oorkruis. Linkervoorpoot saam met regteragterpoot, regtervoorpoot saam met linkeragterpoort. Sê nou ek sou dit probeer … grond toe, al in die rondte! Toe die Here my geskep het, het Hy my spiertjies só ontwerp dat ek my vlerke saam optel en saam laat sak. Geen repiel doen dit nie!

Die derde ding wat jy moet weet, is my asemhaling. Jy haal so 10 tot 20 keer per minuut asem. As jy baie hard oefen en jy hardloop vreeslik vinnig, styg jou asemhaling na tussen 40 en 50 keer per minuut. Nou ja, as ek in die nessie of op ’n draad sit, haal ek so 25 keer per minuut asem. As ek nou uit ’n dier moes ontstaan, sou my asemhaling seker so 50 tot 60 keer per minuut moes wees. Weet jy hoe vinnig is dit as ek vlieg? Tot 500 keer per minuut!

Kom ons praat oor ander dinge wat my anders maak. Ek vlieg vinnig – selfs van die arende is stadiger as ek. Ek kan tot 15 uur per dag vlieg. Ek hou ook glad nie van koud kry nie! Daarom sal jy sien dat as dit begin koud word, vlieg ons Europa toe. Dis so 11 000 kilometer – nie te ver nie, en as dit koud word daar, vlieg ons terug.

Wat nogal goor is, is as ons terugkom en daar het ander voëltjies in ons nessies ingetrek. Dis soms bietjie moeilik, maar as ons ons huisies terug het, maak ons dit reg vir die nuwe kleintjies wat moet uitbroei.

As jy nie een van my neefs se moddernessies by jou huis het nie, kyk ’n bietjie by brûe, veral naby damme. Ons is lief om daar ons huisies te bou, want daar is baie insekte by die damme – hulle is ’n heerlike maaltyd vir ons en ons kleintjies.

God het my spesiaal gemaak – vir Hom. Jy is ook spesiaal gemaak deur God – onthou dit! SV

Oom Abraham Krüger

Gemeentes in die Nuwe Testament (2)

Die gemeente in Jerusalem

Ons ken Jerusalem uit die Ou Testament! Toe koning Dawid oor God se volk, Israel, regeer het, was Jerusalem die hoofstad. Hy het die stad by ’n ander volk, die Jebusiete, afgeneem (1 Sam. 5). Dawid se seun, Salomo, het die tempel vir die Here in Jerusalem, op die heuwel Sion, gebou (1 Kon. 6). Jerusalem is ook Sion genoem, dit beteken vesting.

Die mense het van Jerusalem gepraat as die stad van Dawid of die Dawidstad (2 Sam. 5:9), en die stad van God (Ps. 87:3).

Jerusalem in die Nuwe Testament

Jesus het baie in Jerusalem gewerk. Hy het baie saam met sy dissipels op die Olyfberg gaan sit (Matt. 24:3). Tydens die laaste week voor Hy gekruisig is, het Jesus elke dag in Jerusalem met die mense gepraat. Hy is in Jerusalem gevang en gekruisig en begrawe.

Ná sy opstanding het Hy in Jerusalem aan sy dissipels en ’n klompie vroue verskyn. Later het Hy van die Olyfberg af in die hemel opgevaar (Hand. 1:12).

Wie het die gemeente in Jerusalem gestig?

Ons kan seker sê dat Jesus die gemeente gestig het! ’n Gemeente is mos ’n groep gelowiges wat bymekaarkom om die Here te aanbid en na sy Woord te luister. Ons kan ook sê dat die dissipels die eerste lidmate van die gemeente in Jerusalem was.

Hulle was nie die enigste lidmate nie. Ná Jesus se hemelvaart

was daar al ongeveer 120 lidmate in die gemeente (Hand. 1:15). Jesus se ma en sy broers was ook lidmate van die gemeente in Jerusalem (Hand. 1:14). Jesus se broers wou voorheen nie in Hom glo nie, maar ná sy opstanding het hulle gelowig geword.

Een van Jesus se broers, Jakobus, was later die dominee van die gemeente. Aan die begin het Petrus het die leiding geneem – ons kan seker sê dat hy die eerste predikant van die gemeente was.

Ná die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag het Petrus vir die mense wat daar bymekaar was, gepreek. Toe het nog 3000 in Jesus begin glo. Hulle is almal gedoop (Hand. 2:41). So het die gemeente sommer op een dag 3 000 nuwe lidmate bygekry!

En ’n bietjie later het die lidmate nog meer geword, sodat daar meer as 5 000 mense in die gemeente was (Hand. 4:4).

Dit was sommer ’n groot gemeente! Wie van julle is in ’n gemeente wat 5 000 lidmate het? Daar is nie een gemeente in ons kerkverband wat sóveel lidmate het nie!

Die karakter van die gemeente

Die gelowiges het sekere dinge in die gemeente gedoen waarin almal kon sien dat hulle bymekaar hoort. Hulle het nie ’n kerkgebou soos ons gehad nie. Daarom het hulle gereeld in huise bymekaargekom. Die gelowiges het aandagtig geluister na dit wat die apostels vir hulle leer. Hulle het mekaar gehelp met kos en nagmaal gevier en saam gebid (Hand. 2:42).

Hulle het baie vir mekaar omgegee. Sommige lidmate het van hulle inkomste vir die apostels gegee om arm lidmate mee te help. Hulle het ook van hulle eiendomme verkoop en die geld onder mekaar verdeel, sodat almal genoeg gehad het om van te lewe (Hand. 4:45). Al die mense, ook mense wat nie in Jesus geglo het nie, was hulle goedgesind.

Probleme waarmee die gemeente te doen gekry het

Alles het nie altyd goed gegaan nie. Ons weet mos dat die duiwel hard werk om dinge vir gelowiges moeilik te maak. Die lidmate wat Grieks gepraat het, het dié wat Hebreeus gepraat het, daarvan beskuldig dat hulle nie vir die Griekse weduwees sorg nie (Hand. 6).

Dan was die Jode wat nie in Jesus geglo het nie, jaloers op die gemeente. Hulle het Stefanus met klippe doodgegooi en van die ander lidmate gevang en in die tronk gegooi.

Saulus, van wie ons die vorige maand vertel het, het van die lidmate van die gemeente in Jerusalem laat vang en in die tronk gegooi. Baie lidmate het toe na ander dorpe en lande gevlug. Sommige het na Samaria gevlug (Hand. 8:1-4) en ander na Fenisië, Siprus en Antiogië (Hand. 11:19). Hulle het oral waar hulle gekom het, vir die mense van Jesus vertel.

Die Grieke en Romeine wat in Jerusalem gewoon het, het die lewe ook vir die gemeente moeilik gemaak. Koning Herodes het van die lidmate laat vang en hulle in die tronk gegooi. Hy het ook vir Jakobus, die broer van Johannes, laat doodmaak (Hand. 12:2). Toe het hy vir Petrus ook laat vang en hom in die tronk gegooi!

Dit het alles gemaak dat baie lidmate van die gemeente in Jerusalem na ander dorpe gevlug het. Hulle het in die dorpe vir die mense van Jesus vertel. En die Heilige Gees het mense se harte verander, sodat hulle begin glo het.

So is daar gemeentes in baie dorpe gestig – ook in Antiogië waarvan ek julle volgende keer meer vertel. SV



oplossing blokkiesraaisel: 2 TIMOTEUS 3

oplossing: Soek die verskille